| 6 Junie | NG Gemeente Kogelberg | 2026 |
|---|---|---|

# Eerste Gelui

## NUUS VANUIT DIE GEMEENTE



## SONDAG 7 JUNIE 2026 SE EREDIENSTE:

**09:00**

**Hangklipkerk**

Dr Stephan Naudé

Genesis 12:1-9

**09:00**

**Kleinmondkerk**

Ds Jannie Hougaard

Genesis 12:1-9

LIG | DEERNIS | HOOP







LIVE

Kleinmondkerk se erediens word op ons YouTube-kanaal uitgesaai.

YouTube

https://www.youtube.com/@NGKerkKleinmond

# Deuroffers







Ds Heinrich gaan met Verlof



# Program vir die week

**8-14 Junie 2026**

## Maandag 8 Junie

***11:30*** Preekwerksgroep (Kapel)

## Dinsdag 9 Junie

***09:00*** Hangklip Gebedsgroep

***11:30*** Gerimed Biduur

***16:30*** Kleinmond Gebedsgroep

## Woensdag 10 Junie

***18:00*** Rusplek (Kapel)

## Donderdag 11 Junie

***06:00*** Hangklip Mannegroep

***06:30*** Kogelberg Mannegroep (TYD)

## Sondag 14 Junie

***18:30*** Filmvertoning: Plastic People (Kleinmondkerk)

Kogelberg Kids vergader weer na die Skoolvakansie.

Die Dissipelskapgroepe het ooreengekom om eers weer op Woensdag 22 Julie te ontmoet.

Regstelling op die Kerkkalender
Vadersdag is op Sondag 21 Junie

## *Ons betuig ons innige simpatie en meegevoel met...*

*Familie en vriende van Christa Steenkamp (Sc2) met haar afsterwe.*

Net 'n Woord van Dankie.

Tydens ons verblyf in Kleinmond sedert 2020, het ons soms ongekende storms beleef. Ons skuld ons vriende en medegelowiges 'n gróót DANKIE, wat altyd in ons geglo en vir ons gedra het.

Kogelparkgemeente was voorwaar 'n skuiling teen die storms. Dankie vir ankers van hoop by Bybelstudiegroepe, gebedsgroepe en oral waar ons ontmoet het. Dankie vir ondersteuning en broodnodige gebede die afgelope 2 weke toe An3s in d hospitaal was. Dit is net genade dat hy weer kon opstaan en aangaan.

Báie dankie vir almal wat kos die afgelope 2 weke gebring het. Julle is sterre!!

Kogelberggemeente het aandeel gehad aan ons geestelike groei die afgelope tye, waarvoor ons báie dankbaar is; om nie te praat van sóveel kosbare nuwe vriende nie! Ons gaan julle báie mis! Dankie Ds Heinrich, die boodskappe was altyd relevant en weldeurdag. Ons het graag na jou geluister. Mag die samewerking met Dr. Stephan heerlik en verrykend wees.

Riviersonderend is net 'n uur se heerlike, ontspanne ry deur die koring- en canolalande! Kom kuier asb. vir ons?

Seënwense
***Andries en Louise Truter.***

## Kerkraadsretraite was ’n belewenis wat gedeel moet word

’n Nuwe woord het die afgelope paar weke in die woordeskat van die NG Kerk Kogelberg posgevat: retraite. Oor die naweek van 30 Mei 2026 het veertien kerkraadslede of hul verteenwoordigers uiteindelik gaan ontdek wat dié woord werklik beteken – nie pensioen of ’n militêre maneuver nie, maar ’n wegbreek vir stilte, nadenke, gebed en nuwe visie.

Onder leiding van fasiliteerder Frederick Marais het die Andrew Murray-sentrum vir Spiritualiteit van Vrydag tot Sondag soos ’n abdy geword. Die groep is begelei om in stilte en persoonlike refleksie antwoorde te soek op diep vrae oor hul eie geloofslewe. Die eerste oefening was ’n terugskouing oor elke deelnemer se lewenspad – om raak te sien hoe God deur stryd en rus by elkeen teenwoordig was en hulle met liefde omvou het.

Die naweek se aktiwiteite – wat ook as geloofsgewoontes beskryf word – het deelnemers gehelp om hulle spiritualiteit te verdiep:

- ’n Doolhofstap as meditatiewe reis;
- Gebed in die bos langs kabbelende strome;
- Kunswaardering in die beeldetuin;
- Kapelbyeenkomste met uitsigte oor berge en natuur;
- Die ritme van son en maan; en
- Die breek van brood en die doop daarvan in wyn in ’n besonderse Nagmaalsviering.

Selfs in die rustige kamers van die historiese Samuel-gebou het die gemoed bly werk: Waarheen roep God my? Na wie stuur Hy my? En wat moet ek dalk agterlaat om Hom te volg?

### ’n Gemeenskaplike roeping vir Kogelberg

Teen Sondagoggend in ’n laaste groepgesprek het die fokus verbreed: Waarheen is die gemeente Kogelberg op pad?

Uit die gesprek het ’n paar duidelike rigtings na vore gekom:

- God se teenwoordigheid moet die hart van die gemeente bly. Die Drie-enige God – Vader, Seun en Heilige Gees – is die sentrum wat die gemeente verenig en waarvan die eenheid bewaar moet word.
- Die gemeente is geroep om in pas met God se voorkeurtoekoms vir Kogelberg te beweeg. Die missie is nie ons eie nie, maar die Missio Dei. Die Kerkraad moet dit nie verhinder nie, maar dit dien en bevorder.
- Roeping moet omgeskakel word in konkrete dienste. Die geloofsgewoontes wat tydens die retraite beoefen is, is voorbeelde waarin lidmate ingeoefen moet word. ’n 24-uur oefenprogram behoort ontwikkel te word om soveel moontlik lidmate bloot te stel aan hierdie praktyke.
- ’n Gemeente wat in pas leef met die lewende God is ’n stelsel vir die bediening van geroepenes om te laai en uit te leef. Dit is nie daar om passiewe kerkgangers te vermaak nie.
- Die bediening van die gemeente word deur die lidmate self gedoen. Ampsdraers is daar om hulle toe te rus vir dienswerk in die gemeenskap. Administratiewe strukture – infrastruktuur, kommunikasie en finansies – bestaan om hierdie bedieninge te laat floreer.
- Elke nuwe bediening is soos ’n prototipe wat ondersteuning verdien in die hoop dat dit groei tot diens van die Koninkryk.
- Die gemeente moet ruimte vir geroepenes te laat om hulle eie pad te vind, terwyl belyning met die gemeente se roeping, samewerking en inligting hulle ondersteun.

**’n Retraite wat vrug dra**

Die naweek het gewys dat ’n retraite nie ’n luukse is nie, maar ’n lewensnoodsaaklike ruimte vir luister, onderskeiding en vernuwing. Die Kerkraad keer terug met ’n dieper bewussyn van God se teenwoordigheid en ’n hernieude oortuiging dat Kogelberg se roeping nie in strukture begin nie, maar in gehoorsaamheid aan die stem van die Here.










# Kerkraad Retraite


















# Kerkraad Retraite






# Kerkraad Retraite













Liewe gemeente en inwoners van Kleinmond

Ek wil graag persoonlik 'n kort terugvoer gee oor die situasie rondom die buitelandse burgers wat die afgelope tyd by die munisipale saal in Kleinmond gehuisves word.
Ek was op Donderdag, 4 Junie, deel van 'n vergadering waar die plaaslike kerke, die munisipaliteit en ander rolspelers saamgesit het om die volgende stappe te bespreek en te kyk hoe ons hierdie mense op 'n verantwoordelike en menswaardige manier kan ondersteun.

Tydens die vergadering is bevestig dat die persone wat tans by die saal woon, vrywillig aangedui het dat hulle graag na hul land van herkoms wil terugkeer. In samewerking met Binnelandse Sake, verteenwoordigers van hul eie land en die plaaslike owerhede word daar tans gereël dat hulle vir hul eie veiligheid per bus uit die area vertrek. Volgens die inligting wat Donderdag beskikbaar was, word daar beoog dat dit Sondag of Maandag sal plaasvind.

Die kerke werk tans saam met Grant Cohen en sy span by die munisipaliteit, wat die proses koördineer. Ons waardeer hul bereidwilligheid om met verskillende rolspelers saam te werk in 'n moeilike en sensitiewe situasie.

Wat my die meeste geraak het die afgelope week, is die ongelooflike omgee wat ek in ons gemeenskap gesien het. Baie mense het spontaan broodjies gemaak, seep geskenk, potte beskikbaar gestel, tyd afgestaan en praktiese hulp aangebied. Dit is vir my 'n pragtige voorbeeld van wat dit beteken om kerk te wees — om God se lig, deernis en hoop sigbaar te maak, veral wanneer mense kwesbaar is.

Ek wil elke persoon wat op enige manier gehelp het, opreg bedank. Julle ondersteuning het 'n verskil gemaak.


Terselfdertyd wil ek vra dat ons as gemeenskap die waardigheid van elke mens sal beskerm. Ons leef in 'n tyd waar inligting vinnig versprei, veral op sosiale media. Daarom vra ek dat ons versigtig sal wees om nie gerugte of onbevestigde inligting te versprei nie. Mag ons woorde altyd getuig van respek, liefde en die besef dat elke persoon deur God geskape en geliefd is.

Ek wil ook die hele gemeenskap uitnooi na die Gebedswandeling op 16 Junie om 10:00. Ons vertrek vanaf die oop grasperk langs die Palmiet Natuurreservaat. Hierdie gebedswandeling gaan nie net oor een groep mense nie, maar oor ons hele gemeenskap. Ons wil saam bid vir vrede, veiligheid, wysheid, genesing waar daar seer is, en vir God se leiding vir almal wat in Kleinmond woon.

Dankie vir die manier waarop soveel mense reeds hul geloof prakties uitleef. Kom ons gaan voort om mekaar met deernis te behandel en om 'n gemeenskap te wees wat hoop bring waar dit nodig is.

Verdere kommunikasie oor enige behoeftes of ondersteuning sal deur die kerkkantoor gekommunikeer word.
Mag die Here ons lei om altyd mense van liefde, waarheid en vrede te wees.

*Ds. Stephan Naudé*



**Pap, koffie en gebede vir ons naaste**

Halfsewe Donderdagoggend, nog voor dagbreek, het die groep van ses of sewe lede van die Hangklip-mansuitreik op die parkeerterrein by die Stadsaal in Kleinmond bymekaargekom vir hul diensbeurt met die kosverskaffing aan die groot groep buitelanders wat in die afgelope week uit hul wonings verjaag is en sedertdien in die saal skuiling soek. In die donker sluit nog mans aan, van die Kleinmond-mannegroep.

Binne die gebou is ‘n groep vroue van die Kerkkantoor al in die kombuis besig. In die stadsaal wat ‘n slaapsaal geword het, begin daar stadig lewe kom ná ’n ongemaklike, koue nag. Dorpsmense het die vorige aand komberse gebring, maar was daar genoeg? Die vrees onder die mense is tasbaar. Hulle durf dit nie waag om buite die saal te gaan nie. Hul hoop is gevestig op die missies van hul lande om hulle te kom haal en in veiligheid te bring — terug na plekke waar die vooruitsigte ook maar skraal is en werk skaars bly.

Vir nou kan daar net die basiese gebied word: warm pap, koffie, en hier en daar ’n gebed vir moed en beskerming. In ’n boodskap aan die gemeente is gevra dat daar saam gebid word vir ’n vreedsame atmosfeer, vir die veiligheid van die buitelanders én die helpers, en bowenal dat die begunstigdes iets van die Here se heerlikheid sal beleef en dat sy Naam verheerlik sal word.

Later die dag het die mans die bemoedigende boodskap ontvang dat die uitreik geseënd was en dat daar opregte waardering by die saalmense was. Maar hoe lank kan dit nog so aangaan…






Geagte Kerkraad & Gemeente

Ek wil graag vandag vir julle as geloofsgemeenskap vier oor wat julle reeds vir my en my gesin beteken het in hierdie kort tyd saam. Van die eerste oomblikke hier tot nou, in hierdie nuwe seisoen van ons lewe as gesin, het julle ons met soveel warmte, liefde en opregte omgee ontvang. Ek kan eerlik sê dat ons diep geseën voel om deel van hierdie gemeente en gemeenskap te wees, en ek kan nie wag om hierdie pad verder saam met julle te stap nie, om saam te droom, saam te groei en saam God se teenwoordigheid in hierdie gemeenskap raak te sien.

Ek wil ook van hierdie geleentheid gebruik maak om uit die diepte van my hart dankie te sê vir die ongelooflike ondersteuning, liefde en omgee wat ek en Chimone gedurende my vaderskapverlof ontvang het. Hierdie afgelope paar weke was vir ons as gesin iets besonders, 'n tyd van aanpassing, verwondering, vreugde en stil oomblikke waarin ons net weer kon besef hoe groot God se genade is. In hierdie tyd het ek opnuut besef hoe spesiaal hierdie gemeente werklik is. Julle is nie net 'n kerkraad of 'n gemeente nie. Julle is mense wat dra, bid, ondersteun en ruimte maak vir ander om hul roeping met vrede en vertroue uit te leef. Dit beteken vir my ongelooflik baie om deel te wees van 'n geloofsgemeenskap waar menswees en omgee hand aan hand loop.

Ek wil ook spesiaal dankie sê vir die ongelooflike moeite, tyd en finansiële insette wat gemaak is om die huis vir ons gesin gereed te maak. Dit het ons diep geraak om te sien hoeveel liefde en sorg daarin ingegaan het. Elke detail, elke verbetering en elke persoon wat op een of ander manier betrokke was, het vir ons gewys dat ons nie net hier werk nie, maar werklik welkom is en raakgesien word as 'n jong gesin. Julle het vir ons 'n ruimte geskep waar ons veilig, tuis en versorg voel, en daarvoor sal ons altyd dankbaar wees.

Verder wil ons ook opreg dankie sê vir al die geskenkies, kospakkies, etes, briefies en boodskappe gedurende ons vaderskapverlof. Dit was nie net die geskenke self wat vir ons spesiaal was nie, maar die liefde, deernis en sorg waarmee alles uitgekies, voorberei en bymekaar gesit is. In 'n tyd waar mens maklik oorweldig en moeg kan voel, het hierdie gebare soos klein herinneringe aan God se goedheid gevoel. Elke ete, elke pakkie en elke woord van bemoediging het vir ons gesê: "Julle word raakgesien; julle hoef nie alleen te dra nie."

Wanneer ek terugdink aan my eerste maande hier, vul dit my hart met dankbaarheid. Van die eerste ontmoetings en koppies koffie saam met gemeentelede, tot die stories wat mense met oop harte gedeel het, het ek van die begin af gevoel dat hierdie plek 'n besondere karakter dra. Daar was iets besonders in die warmte waarmee ek ontvang is, die opregte belangstelling in mekaar se lewens en die manier waarop geloof hier nie net gepraat word nie, maar geleef word.

Ek dink met groot waardering terug aan die voorreg om die Woord te bedien by Hangklip, Kleinmond en Kuierkerk. Elke diens, elke gesprek ná die tyd, elke handdruk en glimlag het vir my iets van God se teenwoordigheid gewys. Ek het reeds beleef hoe diep geloof en gemeenskap hier verweef is met mense se alledaagse lewens. Daar is 'n egtheid en nederigheid in hierdie gemeenskap wat my telkens aanraak.

Vir my gaan hierdie pad uiteindelik oor mense, mense wat saam lag, saam huil, saam bid en saam hoop. Ek beleef hierdie gemeente as 'n plek waar God reeds lank voor ons aan die werk is en waar ons die voorreg het om deel te wees van Sy storie in hierdie gemeenskap.

Dankie dat julle vir my en my gesin ruimte gegee het om asem te haal gedurende hierdie kosbare tyd. Dankie vir elke boodskap, gebed, navraag en gebaar van ondersteuning. Dit het vir ons ongelooflik baie beteken.

Ek sien met opgewondenheid daarna uit om weer saam met julle te werk, te droom en te dien. Ek glo werklik dat daar mooi dinge voorlê vir hierdie gemeente en gemeenskap, en ek voel dankbaar dat ek saam met julle daarin mag deel.

Met waardering en seën
Stephan Naudé





















*Agape vroue wat afskeid neem van Hesta Smit*

Woensdag




Kogelberg Kids




Dankoffers



## Weeklikse Gebedsgroepe




## Dissipelskap




## Mannebediening






# PLASTIC PEOPLE

## The Hidden Crisis of Microplastics

**Plek:** NG Kerk Kogelberg Kerkgebou 4e Laan

**Datum:** 14 Jun 2026 16:30 vir 17:00

---

Nooi julle vriende en kom geniet
hierdie wonderlike film saam met ons.

---

**Verversings te koop vóór en ná die tyd**

# MIDDELAFHANKLIKHEID - KOM ONDERSTEUN EN HELP

Daar is lidmate in ons gemeentes en mense in die gemeenskap, jonk en oud, wat direk of indirek en op baie wyses worstel met die ***pynlike werklikheid van middelafhanklikheid.*** Kogelberg- en die VGK gemeente wil saam met ander kerke en groepe op 'n beter wyse en met deernis en vertroulikheid sulke mense help en ondersteun.

Ons wil 'n **uitnodiging uit die hart rig aan iedereen** - jonk of ouer, werkend of afgetree - met 'n hart vir hierdie saak of met kundigheid of ondervinding van watter aard ook al, om deel te word van 'n werkgroep wat hierdie strewe om hulp en ondersteuning verder kan voer.

Indien jy deel wil word van hierdie **werkgroep of net meer wil weet of jou perspektiewe met ons wil deel**, moet jy jou naam en kontakbesonderhede vir Joke by die kerkkantoor gee. (VGK lidmate gee hulle name en besonderhede aan ds. Cloete). Jy sal dan ook weer herinner word aan die eerste samekoms van al die deelnemers en belangstellendes **op Maandag 15 Junie om 18:00 by die VGK gemeente.**

By die geleentheid sal daar verder besin word oor die pad vorentoe aan die hand van riglyne van die Skakelbyeenkoms tussen die kerkrade van Kogelberg- en die VGK gemeente wat middelafhanklikheid reeds by twee geleenthede bespreek het.







## Omgee-boetiek

Kerksaal
Eerste Laan

Maandae & Vrydae
10:00-12:00

# KOGELBERG

## WARM-WINTERMARK

NG KERKSAAL - KLEINMOND | 25 - 27 JUNIE 2026

## Kogelberg Warm-wintermark

NG Gemeente Kogelberg bied die jaar die Warm-wintermark aan. Ons het vrywilligers nodig by die volgende stalletjies:

- Kerrie & rys
- Hamburgers
- Lewerkoekies
- Basaarpoeding
- Sosaties
- Sop-en-broodtafel
- Wit Olifante
- Boeke
- Plante
- Omgee-boetiek
- Terreinspan
- Administrasie & betalings

25-27 Junie

Gee jou naam op by die organiseerders of by die Kerkkantoor.

Lys met name van onrganiseerders beskikbaar in die Eerste Gelui.

# VROUEDAG
# Funksie

'n Oggend van saam lag en kuier in goeie geselskap!




## Saterdag 8 AUGUSTUS

10:00

**KLEINMONDKERK**
VIERDE LAAN 67 - KLEINMOND

Gaskunstenaar

**FRANCOIS BOYCE**

Bespreek jou plek vandag!

**R200** PER PERSOON

Sluit EET- EN DRINKGOED IN

KONTAK DIE KERKKANTOOR VIR ENIGE NAVRAE - 028 271 3740

# Veels Geluk!

## Saterdag 6 Junie

Japie Botma 082 926 8859 (Bb1)
Tonie Goosen 082 546 2526 (PM5)
Wouter Hugo 084 721 1058 (KB2)
Van As Jordaan (BB3)
Cecile Van Schalkwyk 072 788 4960 (Ba2)
Pamela van Wyk 083 320 8327 (Bb1)

## Sondag 7 Junie

Karla Bernard (KB5)
Johan Broodryk 082 650 3825 (Sa2)
Nadia Crafford 082 535 5378 (KB4)

## Maandag 8 Junie

Christian Hen-Boisen (BB4)
Tom Prinsloo 082 554 4403 (Sc3)
Laurette Smit 072 767 4088 (Ba3)
Hennie Van Der Merwe 082 298 7863 (Sa2)
Jeanette Viljoen 072 150 5494 (HK3)

## Dinsdag 9 Junie

Wentzel La Grange (HK3)
Joanne Momsen 082 797 8622 (Bb4)

## Woensdag 10 Junie

Ronelle Coetzer 082 771 4741 (BB3)
Koos Fritz (Sa3)
Retha Van Coller 072 118 4747 (PM3)
Elma Visagie 072 658 1689 (Sb3

## Donderdag 11 Junie

Ina Du Plessis 082 773 7821 (Sa1)
JC Hanekom 082 410 8141 (BB2)
André Hattingh 083 701 0210 (PM5)
Isabella Janse van Rensburg (Sb4)
Susan Marais 071 946 9364 (KP1)
Milda Strydom 084 666 6977 (PM3)
Ronell Wouda 084 250 1797 (BB2)

## Vrydag 12 Junie

Alta Du Preez 082 418 2404 (Sa2)
Tobie Snyders 084 301 2222 (Bb1)
Carli Swart 083 928 5465 (BB1b)
Leah Van Der Westhuizen (Sb3)
Jamine Van Niekerk 073 614 2325 (KB2)




## GROEPGESPREKKE | 8 - 13 JUNIE 2026

**1. Gesels bietjie saam...**
- Het jy al ooit op 'n plek in jou lewe gekom waar jy nie geweet het wat die volgende stap is nie?
- Vertel van 'n keer toe jy iets moes doen sonder om die hele prentjie te sien. Hoe het dit jou laat voel?

**2. Ons storie nou...**
- Baie mense wil eers sekerheid hê voordat hulle 'n besluit neem. Waarom dink jy is dit vir ons so moeilik om vorentoe te beweeg wanneer ons nie al die antwoorde het nie?
- Abram moes sy bekende wêreld verlaat sonder om presies te weet waarheen hy op pad was. Dink jy mense vertrou vandag meer op beheer en beplanning as op geloof? Waarom?

**3. God se storie...**
Lees Genesis 12:1-9 as groep saam uit twee of drie verskillende vertalings en verken dan die teks aan die hand van die volgende vrae:
- God vra vir Abram om sy land, familie en bekende wêreld agter te laat. Waarom dink jy begin God se nuwe verhaal dikwels met 'n uitnodiging om iets bekend los te laat?
- God gee vir Abram baie beloftes, maar min besonderhede. Wat leer dit ons oor die verskil tussen geloof en sekerheid?
- Abram bou oral waar God aan hom verskyn altare. Waarom dink jy was dit belangrik dat hy hierdie oomblikke van ontmoeting onthou en merk?
- Die belofte aan Abram eindig nie by homself nie: "Jy sal tot 'n seën wees." Wat sê dit oor God se bedoeling met mense wat Hy roep?

**4. Hoe die Bybel ons storie verander...**
- Is daar dalk 'n area van jou lewe waar God jou uitnooi om Hom meer te vertrou, al kan jy nog nie die eindbestemming sien nie?
- Wie is een persoon of groep mense wat hierdie week deur jou woorde, optrede of omgee iets van God se seën kan beleef?

**5. Sluit die byeenkoms af deur geleentheid vir gebede.**

**6. Ons lees dié week uit die Woord...**
Lees gerus die volgende teksgedeeltes uit die Woord en oordink dit hierdie week onder leiding van die Heilige Gees:
- Maandag 8 Junie 2026 – Hebreërs 11:8-12
- Dinsdag 9 Junie 2026 – Psalm 33:1-12
- Woensdag 10 Junie 2026 – Romeine 4:13-25
- Donderdag 11 Junie 2026 – Matteus 9:9-13 & 18-26
- Vrydag 12 Junie 2026 – Psalm 50:7-15
- Saterdag 13 Junie 2026 – Genesis 18:1-15 & 21:1-7